Hoofstuk 6 Die Beeste / Surah Al-An'am

Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

1. Alle lof kom Allah toe wie die hemele en die aarde geskape het en die donkerte en die lig gemaak het, en desnieteenstaande stel die ongelowiges ander met Allah gelyk.

2. Hy is die Een wat jou uit klei geskape het, en jou bestem het tot 'n lewenssiklus. En Allah is in beheer van hierdie vasgestelde lewenssiklus met sy begin en einde, en tog bestaan daar steeds twyfel by die mens oor die Oordeelsdag.

3. Hy is Allah in die hemele en die aarde*. Hy weet wat julle wegsteek en wat julle openbaar en Hy weet wat julle verdien. (*K43:84)

4. En daar kom nie 'n boodskap as een van die boodskappe van hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie, of hulle draai hulle rug daarop.

5. So het hulle dan die waarheid belieg toe dit na hulle hulle toe gekom het. Nou sal na hulle toe kom die volle rekening vir dit waaroor hulle gelag het.

6. Het hulle dan nie gesien hoeveel geslagte Ons voor hulle ons vernietig het nie? Geslagte aan wie 'n posisie in die land gegee het wat ons nie eens aan julle gegee het nie en oor wie Ons die hemele stortend oopgelaat het en onder deur wie ons riviere maak vloei het. En dan steeds het Ons hulle vernietig as gevolg van hulle sondes om net weer na hulle nog 'n volk te laat verrys.

7. En al sou ons iets na hulle toe afgestuur het wat op papier geskryf was, en hulle selfs daaraan gevat het, sou die ongelowiges steeds gesê het: "Hierdie is niks anders nie as pure towerkuns."

8. Dan sê hulle: "Hoekom is dit dat 'n engel nie na hom afgestuur is nie?"Indien ons 'n engel afgestuur het, sou hulle in elk geval nie geglo het nie en sou Ek hulle moes vernietig volgens goddelike bevel.

9. En indien Ons wel 'n engel sou stuur, sou dit 'n engel in die vorm van 'n mens wees wat vir hulle net meer verwarrend sou wees, dieselfde verwarring wat hulle nou veroorsaak.

10. Boodskappers voor jou was al bespot. So, diegene wat vir die Boodskappers gelag het, was self beset deur dit waarvan hulle 'n bespotting gemaak het.

11. Sê vir hulle: "Gaan kyk 'n bietjie die wêreld oor en sien wat was die lot van diegene wat die profete belieg het."

12. Vra vir hulle: "Aan wie behoort alles wat daar is in die hemele en op die aarde?" Sê dan vir hulle: "Aan Allah."

Allah het dit aan Homself voorgeskryf om genadig te wees. Hy gaan julle voorwaarbymekaarmaak in die rigting van die Oordeelsdag, 'n dag waarin daar geen twyfel is nie. Diegen wat vir hulself verlies bewerk het, gaan nie glo nie.

13. En aan Allah behoort dit wat rus vind in die nag en die dag. Allah is Alhorend, Alwetend.

14. Sê vir hulle: "Sou ek as voog en beskermer vir myself iemand anders neem as Allah, die Skepper van die hemele en die aarde, Hy wat voed maar nooit gevoed hoef te word nie?" Ja sê vir hulle: "Ek is gevra om die eerste te wees wat homself onderwerp." En moenie ooit een van diegene wees wat vennote aan Allah toeskryf nie.

15. Sê vir hulle: "Indien ek ongehoorsaam sou wees aan my Skepper, Voorsiener en Onderhouer, dan vrees ek die straf van 'n monumentale dag."

16. Wie ook al daardie dag gespaar sal bly, is inderdaad geseënd met Sy genade. En dit is nou vir jou sukses, helder en duidelik.

17. En indien Allah vir jou moeilikheid veroorsaak, dan is daar niemand wat dit kan wegneem nie, behalwe net Hyself, en indien Hy vir jou iets goeds veroorsaak, wel Hy het mag oor alles.

18. Verder is Allah 'n Dominante Heerser oor Sy diensknegte en Hy is die Alwyse, die Albewuste.

19. Vra vir hulle: "Wat of wie is die beste getuie ooit?" Sê dan vir hullee: "Allah. Hy is die getuie tussen jou en my. En Sy Koran is aan my openbaar sodat ek julle aan die hand daarvan kan waarsku, en vir hulle wie dit ook al mag bereik. Getuig julle regtig dat daar ander gode is tesame met Allah?" Sê vir hulle: "Ek kan nie so getuig nie." Sê vir hulle: "Allah is inderwaarheid net een God. En ek het niks te doen met dit wat julle met Allah assosieer nie."

20. Diegene aan wie Ons die Boek gegee het, herken die Boodskapper soos wat hulle hul seuns sou herken. Diegene wat verlies vir hulleself bewerkstellig het, hulle sal nie glo nie.

21. Wie kan nou 'n groter sondaar wees as hy wie 'n leuen teen Allah versin of die boodskappe van Allah belieg? Wees versigtig, die wat onreg pleeg sal nie vooruitgang maak in die lewe nie.

22. En moenie vergeet nie, op daardie dag wanneer Ons almal sal bymekaarmaak, sal Ons aan diegene sê wat vennote met Allah geassosieer het: "Waar is diegene wie julle op aanspraak gemaak het as vennote van Allah?"

23. Dan sal hul dwaalleer en misleiding hulle nêrens heen lei nie behalwe dat hulle sal sê: "Ons sweer by Allah, ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer, ons het nie vennote aan Allah toegeskryf nie."

24. Kyk hoe het hulle oor hulleself gelieg: dan is al hulle leuens wat hulle so saamgeflans het vir hulself verlore.

25. Daar is egter tussen hulle diegene wat na jou luister, maar ons het bedekkings oor hulle harte geplaas, sodat hulle nie verstaan nie, en 'n swarigheid in hulle ore, sodat hulle nie hoor nie. Selfs al sou hulle al die boodskappe sien, sal hulle steeds nie in dit glo nie. Soveel so dat, wanneer hulle met jou kom twis en skoorsoek, dan sê die ongelowiges: "Hierdie is niks anders nie as ouvroustories."

26. Hulle weerhou ander daarvan en hulle bly self daarvan af weg, maar hulle ruineer niemand anders as net hulleself nie, en hulle besef dit nie.

27. As jy maar net kon sien hoe dit gaan lyk wanneer hulle gedwing gaan word om by die Vuur te staan en dan sal sê: "As ons maar net teruggestuur kan word, dan sal ons nie die boodskappe van ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer belieg nie en by die gelowiges aansluit."*

28. Feit is, wat hulle vantevore weggesteek het, sal dit vir hulle duidelik word. En indien hulle teruggestuur sou word, sal hulle maar net weer aangaan waarmee hulle besig was en wat vir hulle verbode was, omdat hulle niks anders as leuenaars is nie. (K7:53 & K23:100, K44:15)

29. En hulle sê: "Al wat regtig bestaan is maar net hierdie aardse lewe van ons, en ons gaan nie weer opgewek word uit die dood nie."

30. As jy ook maar net kon sien hoe dit gaan wees wanneer hulle gedwing gaan word om voor hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer te staan! Dan sal Allah vir hulle vra: "Is dit nie die waarheid nie?" waarop hulle sal antwoord: "Natuurlik, ons sweer by ons Skepper, Voorsiener en Onedrhouer, dit is." Allah sal dan vir hulle sê: "Voel dan nou hoe voel die straf, want julle het nie geglo nie."

31. Die verloorders is hulle wat ontken dat hulle ooit van aangesig tot aangesig voor Allah te staan gaan kom, en tog wanneer die uur skielik oor hulle aanbreek en hulle besef wat gebeur, sal hulle sê: "Inderdaad, dit is so en hier is dit nou, en ons was nalatig hieroor gewees." Hulle sal dan hulle laste op hul rue dra. Pasop, hul sondes is die las wat hulle op hul rue sal dra.

32. Hierdie aardse lewe is niks anders nie as 'n spel wat gespeel word. En die laaste rusplek is verseker goed vir diegene wat 'n heilige ontsag en respek vir Allah het. Kan jy steeds nie begryp nie?

33. Ons is bewus van die feit dat wat hulle sê jou baie ontstel, want dit is nie vir jou wat hulle belieg nie, maar die klomp oortreders ontken inderwaarheid die boodskappe van Allah.

34. En dit is inderdaad so dat Boodskappers voor jou ook belieg was, maar hulle het geduldig vasgestaan teen die leuens, en die marteling totdat Ons hulp hulle bereik het. Niemand kan die woorde van Allah verander nie, en natuurlik het jy van die verhale van die Boodskappers gehoor.

35. Inddien hulle afkeer en haat teenoor jou te erg raak vir jou, soek dan as jy kan, na 'n tonnel wat in die aarde afgaan of na 'n leer wat in die lig opgaan teneinde vir hulle 'n boodskap te kan bring. Indien

Allah wou, kon Hy hulle almal op die Regte Weg gebring het, om binne Sy Wil te lewe. So, moet nooit een van die onkundiges wees nie.

36. Slegs diegene wat luister, reageer. Wat betref die dode, Allah sal hulle opwek uit die dood waarna hulle na Hom toe sal terugkeer.

37. En hulle vra: “Hoekom is dit dan dat geen boodskap afgestuur is vanaf jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie?” Antwoord hulle: “Allah is sekerlik magtig genoeg om 'n tekeen af te stuur, maar meeste van hulle weet dit nie.”

38. Daar is geen skepsel wat op die aarde beweeg, of 'n voël wat met sy twee vlerke vlieg nie, of hulle is almal gemeenskappe soos julle. Ons het niks uitgelaat uit die Boek nie. Dan sal hulle almal by hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer versamel word.

39. Diegene wat Ons boodskappe belieg het is doof en stom, omhul deur lae van die donker. Allah laat wie Hy wil die pad byster raak en buite Sy Wil afdwaal, en Allah bring tot die reguit weg, diegene wie Hy Wil, om binne Sy Wil te lewe.

40. Sê vir hulle: “Kom wees nou eerlik, wanneer die straf van Allah oor jou kom of wanneer die Uur jou oorval, sal jy dan iemand anders as Allah roep?”

41. Jy sal verseker eerder Hom alleen roep, en Hy, as Hy wil, sal dit waarvoor jy Hom roep verwyder, en jy sal diegene vergeet wat jy met Hom geassosieer het.

42. Ons het Boodskappers voor jou na gemeenskappe gestuur en hulle deur ontberings en lyding laat gaan, sodat hulle kan leer om hul smeekbede ij nederigheid voor Allah te bring.

43. Hoekom het hulle dan nie in nederigheid om hulp gesmeek toe Ons straf oor hulle gekom het nie?, Instede daarvan, het hul harte verhard en het die Satan dit wat hulle gedoen het vir hulle mooi laat lyk.

44. Daarna, nadat hulle die advies wat vir hulle gegee was, vergeet het, het Ons vir hulle die deure geopenna alles geopen totdat hulle trots geword het op wat hulle gegee was, en Ons hulle skielik vasgevat het en hulle in wanhoop en vertwyfeling gelaat is.

45. Daarom is die mense wat verkeerd gedoen het wortel en tak uitgeruk en uitgeroei tot die laaste man: alle lof kom Allah toe, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde.

46. Vra vir hulle: “As Allah jou gehoor en oë wegneem en 'n seël op julle harte plaas, watter ander god as Allah kan dit vir julle teruggee?” Kyk net na die verskeidenheid van verse wat Ons voortbring en steeds draai hulle hul rug daarop.

47. Vra vir hulle: “Sê vir my, as die straf van Allah plotseling en openlik na vele waarskuwings oor julle kom, sal enigiemand vernietig word behalwe diegene wat na al doe waarskuwings steeds aan hou sonde doen?”

48. Ons stuur die Boodskappers slegs as draers van goeie tyding en waarskuwers. Wie dan ook al glo en homself korrigeer, het niks om te vrees of om oor ontsteld te wees nie.

49. Diegene egter wat Ons boodskappe belieg het, hulle sal met straf besoek word omdat hulle sonde gedoen het.

50. Sê vir hulle: “Ek sê nie aan julle dat ek die skatte van Allah besit nie, of dat ek kennis het van die Ongesiene nie, of dat ek 'n engel is nie. Ek volg maar net dit wat aan my geopenbaar is.” Vra vir hulle: “Is 'n blinde persoon en een met sig dan dieselfde? Dink julle dan nie ook oor hierdie dinge na nie?”

51. Laat jou boodskappe 'n waarskuwing wees sodat diegene wat die dag vrees wat hulle voor hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer versamel gaan word, met niemand anders om vir hulle in te tree as net Hy nie, hulsef van die sonde kan weerhou.

52. Moenie diegene ontmoedig of keer wat dag en nag, vir Sy plesier, die aangesig van hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer soek deur gebed en aanbidding nie. Julle is nie verantwoordelik vir hulle nie en hulle is nie verantwoordelik vir julle nie: so los hulle uit en monie hulle pla nie sodat jy nie daardeur sonde doen nie.

53. Op hierdie manier het Ons die ongelowiges getoets deur middel van die verassende toewyding van die arm, eenvoudige Moslems, sodat hulle kan sê: “Is hierdie armes en eenvoudiges die enigstes, tussen ons almal uit, wat eer en beloning van Allah verdien het en deur Allah begunstig is, wat dan van ons, die gesienes en die edeles?” Weet Ek, Allah dan nie die beste wie die ware dankbares is nie?

54. wanneer die gelowiges in Ons verse na jou toe kom, sê dan vir hulle: “Vrede vir julle. Julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer het 'n vereiste aan Homself gestelen dit is dat wie ook al iets uit onkunde verkeerd doen, daarna berou het en homself korrigeer, teenoor so iemand sal Allah Meesvergewend en Baiegenadig wees.

55. Dit is dan hoe ons die verse in detail laat verduidelik wat reg en wat verkeerd is, sodat die dade van diegene wat skuldig is daardeur blootgelê kan word.

56. Sê vir hulle: “Ek is verbied om diegene wat julle naas Allah aanroep, te aanbid.” Sê ook vir hulle: “Ek volg nie julle begeertes na nie. Indien ek dit sou doen, sou ek van die Regte Weg afdwaal en nie meer binne die Wil van Allah wees nie.”

57. Sê vir hulle: “Ek het duidelike leiding ontvang van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer en julle het dit belieg. Julle bespot die straf wat sal kom vir die ongelowiges en dring daarop aan dat as daar dan sodanig so 'n straf is, dit sommer nou dadelik moet kom, maar sulke dinge is nie in my hande nie. Die besluit daaroor behoort aan niemand anders nie as aan Allah. Allah bepaal wat die waarheid is en Hy is die beste besluitnemer, die Regverdigste Regter.”

58. Sê vir hulle: “As die straf waarop julle spottenderwys so aandring in my hande was, was die aangeleentheid lankal afgehandel. Maar Allah ken die sondaars die beste.”

59. Die sleutels van die Ongesiene is by Allah. Niemand ken die Ongesiene soos Hy nie. Allah weet wat is op land en in die see. Daar is nie 'n blaart wat val nie, of Hy weet daarvan, of 'n graankorrels on die donker holtes van die aarde, of enigiets vars of droog, is alles baie akkuraat aangeken as goddelike kennis in 'n goed bewaarde Boek.

60. Allah is die een wat jou in die nag wegneem, en weet wat jy in die dag doen*, wanneer Hy jou opwek vir die dag, sodat 'n voorafbepaalde tydperk vervul kan word. Na dit, sal jy na Hom terugkeer, waarna Hy jou sal vertel waarmee jy besig was. (*K47:19)

61. En Hy is die Een met Absolute Beheer oor sy diensknegte en stuur na julle toe die Beskermengele wat julle versorg en beskerm todat die dood na een van julle toe kom, waartydens Ons agente, daardie selfde engele die oorsake van die dood sal voorsien, hom ten volle sal neem, en niks nalaat nie.

62. Daarna keer hulle na Allah terug, hulle ware Meester, die Een wat gehoor het, voorsien het, beskerm het en nou die Beoordelaar is. Neem kennis, aan Hom behoort die oordeel, en Hy is die vinnigste afrekenaar.

Na wie ek roep uit in die oomblik van donkere krisis in my lewe?

63. Sê vir hulle: “Wie is dit wat julle red van die verskeidenheid van lewensdonkertes waarmee gekonfronteer word waar julle ook al gaan op land of op see, en wanneer julle in nederigheid na Hom uitroep om hulp en belowe dat indien Hy ons help, ons waarlik dankbaar sal word?”

64. Sê vir hulle: “Allah help julle wanneer julle in die moeilikheid is en verlos julle van elke pyn, en steeds assosieer julle vennote met Hom, of dit nou ander wesens is, afgode, logistieke ondersteuningstelsels, reddingsorganisasies of ons eie vermoëns.”

65. Sê vir hulle: “Allah is ten volle daartoe instaat om julle van bo af of van onder julle voete te straf, of julle te verwar deur middel van verdeeldheid of om sommige van julle moeilikheid te laat ervaar wat deur ander veroorsaak word.” Kyk die verskeidenheid van Verse wat Ons voortbring, sodat julle sal verstaan.

66. En ten spyte daarvan dat dit die waarheid is, het julle volk dit belieg.

67. Sê vir hulle wat wil weet wat die presiese dag en datum van die straf: “Daardie inligtin is nie aan my toevertrou nie. Daar is egter 'n tyd en 'n plek vir elke gebeurtenis om plaas te vind, daarvan kan julle seker wees en dan sal julle sien wat gebeur.”

68. Wanneer julle diegene teëkom wat peuter aan die Verse van Allah

net vir die pret of om dit belaglik te maak en om daarmee fout te vind, draai julle rug op hulle of verlaat hulle geselskap totdat hulle die gesprek verander. En indien die Satan julle hierdie opdrag laat vergeet, doen dit dan net sodra julle dit onthou, en moenie in die geselskap van sulke sondaars wees nie.

69. En diegene met 'n heilige ontsag en respek vir Allah is nie verantwoordelik vir die optrede van diegene wat die sonde doen nie, maar het net die verantwoordelikheid om hulle reg te help en van raad te bedien.

70. Vermy diegene wat hul geloof as 'n spel en speletjies beskou of vir speletjies verruil het en wat deur hierdie aardse lewe mislei is om daardeur betower te raak. Maar

preek ook vir hierdie mense vanuit die Koran, sodat een van hulle nie miskien presies dit oorkom wat hy deur sy dade verdien het nie, en dan niemand anders as Allah het wat hom kan help of vir hom kan intree nie. Want al sou so iemand homself uit die moeilikheid uit probeer koop, sal dit nie aanvaar word nie. Dit is hulle wat die slagoffers is van hul eie sonde. Vir sulke mense is daar slegs kokende water om te drink en 'n pynlike straf, omdat hulle nie geglo het nie.

71. Sê vir hulle: “Sal ons iemand anders as Allah aanroep, wat nie enige voordeel of skade vir ons inhou nie, en sal ons op ons halle omdraai nadat Allah aan ons leiding verskaf het, soos die een vir wie die duiwels vêr in die wildernes ingeneem heten net so verwilderd daar gelos het, terwyl hy vriende het wat hom na die Regte Weg toe roep met: 'Kom na ons toe.'” Sê vir hulle: “Leiding is die leiding wat Allah gee, en ons is opdrag gegee om ons te onderwerp aan die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde,

72. en om Hom te Aanbid, en 'n heilige ontsag en respek vir Hom te hê.” En Hy is die Een voor Wie julle byeengebring gaan word.

73. Hy is die Een wat die hemele en die aarde geskape het en ook tereg so want Hy is die Oorsprong en met die Opstandingsdag sal Hy sê: “Wees” en dit sal wees. Sy woord is die waarheid en Syne is die koninkryk op daardie dag wanneer die horing geblaas sal word. Hy weet wie is afwesig en wie is teenwoordig, en Hy is die Wyse, die Albewuste.

Abraham kies tussen Sterreaanbidding en aanbidding van die Skepper van die Sterre

74. Onhou julle toe Abraham vir sy vader Azar gesê het: “Dink u regtig hierdie afgode is gode? Ek is bevrees u en u volk maak 'n fout.”

75. So het Ons toe vir Abraham die koninkryk van die hemele en die aarde gewys, sodat hy vas in sy geloof kon word.

76. Een nag toe dit donker was het Abraham 'n ster gesien. Abraham sê toe: “Dit is my Skepper, Voorsiener en Onderhouer!” ...maar toe die ster later verdwyn, het Abraham gesê: “Ek hou nie van diegene wat verdwyn nie.”

77. Later toe Abraham die maan sien opkom, toe sê hy: “Dit is my Skepper, Voorsiener en Onderhouer!” ...maar toe die maan ook verdwyn: “As my Skepper, Voorsiener en Onderhouer my nie kan lei nie, sal ek een van die wees wat gaan afdwaal.”

78. Daarna, toe hy die son sien opkom, het hy gesê: “Dit is baie groter. Dit moet my Skepper, Voorsiener en Onderhouer wees.” ...maar toe dit ook verdwyn toe sê Abraham: “My volk, ek is vry van wat ook al julle met Allah assosieer.”

79. Ek draai my aangesig hier en nou reguit na die Een wat dit alles gemaak het: Skepper van die hemele en die aarde, en ek is nie meer een van die wat vennote met Allah assosieer nie: ek aanbid nou nie meer die skepsels as my Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie, maar die Skepper self.

80. En sy mense het met hom geargumenteer. Maar Abraham het net gesê: “Argumenteer julle met my oor Allah terwyl Hy my reeds op die Regte Weg gelei het, en ek nie vir dit wat julle met Hom assosieer 'n heilige ontsag en respek het nie, tensy dit die Wil van my Skepper, Voorsiener en Onderhouer is, nie. My Skepper, Voorsiener en Onderhouer omvat alles met Sy kennis. Wil julle dan nie hieruit 'n les leer nie?

81. Hoe kan ek 'n heilige ontsag en respek hê vir dit wat julle met Allah assosieer, terwyl julle nie enige ontsag en respek het vir Allah nie, omdat julle iets met Hom assosieer waarvoor Hy nie aan julle enige magtiging gegee het nie. Nee, wie van die twee partye, dink julle het meer reg op vrede in hulle harte oor dit waarin hulle glo? Sê vir my as julle weet.”

82. Diegene wat geglo het en nie hul geloof vermeng het met die ongeregvigde nie, dit is hulle wat dit verdien om vrede te hê en dit is hulle wat op die Regte Weg is en binne die Wil van Allah lewe.

83. Dit is dan die bewys wat Ons vir Abraham gegee het teen sy mense. Ons verhoog in rang wie Ons Wil. Waarlik jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Wys, en Kundig.

84. En Ons het vir Isak en Jakob geseën. Ons het aan elkeen van hulle leiding gegee. Vroeër het Ons ook leiding gegee aan Noag en sy afstammelinge, Dawid en Salomo en Job en Josef, Moses en Aaron, en dit is hoe ons die goeie dade beloon.

85. So ook aan Sagaria, Johannes, Jesus en Elia, elkeen van hulle was van die wat binne die Wil van Allah gelewe het,...

86. ...Ismael, Elisa, Jona,en Lot, en Ons het dat almal van hulle vooruitgaan in die wêrelde.

87. En Ons het leiding gegee aan baie van hulle vaders, hulle kinders en hul broers, en Ons het hulle uitgekies en hulle op die Regte Weg gelei om binne die Wil van Allah te lewe.

88. Dit is Allah se leiding. Hy lei daarmee van Sy diensknegte wie Hy wil. En indien hulle vennote met Hom geassosieer het, dan sou alles wat hulle gedoen het vir hulle van geen waarde gewees het, nie.

89. Hulle is diegene aan wie Ons die Boek, die Wysheid en die Profeetskap gegee het. So, indien jou toehoorders dit dus nie glo nie, dan het ons 'n ander volk gekry wat dit wel glo en nie ongelowig is nie.

90. Hulle is die mense wat Allah gelei het. Dit is dus hulle leiding wat julle moet volg. Sê vir hulle: “Ek vra julle nie 'n beloning daarvoor nie. Dit is maar net advies aan al die wêrelde.”

91. Hulle het Allah nie na waarde geag toe hulle gesê het: “Allah het niks geopenbaar deur middel van 'n mens nie.” Sê vir hulle: “Wie het die Boek geopenbaar wat deur Moses as 'n lig en 'n leiding vir mense, gebring was, maar wat julle in doeke toegedraai vertoon het en waarvan julle baie weggesteek het? Julle was geleer wat julle nie geweet het nie, nie julle of julle vaders nie.” Sê vir hulle: “Allah het.” Los hulle dan dat voortspeel met dit waarin hulle oorgegee is.

92. Hierdie is 'n geseënde boek wat Ons geopenbaar het, wat bevestig dit wat voorheen was, sodat jy die moeder van alle dorpe en diegene rondom dit, kan waarsku. Diegene wat in die Hiernamaals glo, glo in dit, en hulle neem die verskuldigde voorsorg met hul Aanbidding.

93. Wie kan nou 'n groter sondaar wees, en buite die Wil van Allah wees, as diegene wat 'n leuen teen Allah fabriseer of sê: “Ek het 'n openbaring ontvang.” terwyl geen openbaring inderwaarheid aan hom gegee was nie, en die een wat sê: “Ek openbaar dit net soos Allah dit aan my geopenbaar het.” Indien jy maar net sou kon sien hoe dit sal wees die dag wanneer hierdie sondaars in die worsteling met die dood sal wees* en die engele hulle hande uitstrek en sê: “'Laat julle siele uitkom. Vandag sal julle, jul straf ontvang, 'n straf van vernedering, want julle het oor Allah gesê wat nie waar is nie, en julle het Sy verse ewe arrogant verwerp.” (*K47:27)

94. Dan sal julle alleen na Ons toe kom, net soos Ons julle aan die begin geskape het, terwyl julle agtergelaat het dit wat Ons aan julle geskenk het, en Ons ook nie julle bemiddelaars by julle sien nie: hulle wie julle op aanspraak gemaak het as sou hulle Ons vennote wees in die bestuur van julle sake. Die feit is egter dat alle bande tussen julle verbreek sal wees, en alles waarop julle aanspraak gemaak het, vir julle verlore sal wees.

95. Waarlik, Allah is die Een wat die saad en die pit van mekaar skei. Hy is die Een wat die lewende uit die dooie voortbring en Hy is die Een wat die dode uit die lewende voortbring. Dit is Allah! Waarheen dwaal jy dan af?

96. Allah is die Een wat die dag laat breek. En Hy het die nag vir rus gemaak en die son en die maan vir die meet van tyd. Hierdie is 'n

maatstaf vasgestel deur Allah, die Magtige, die Wetende.

97. En Hy is die Een wat vir julle die sterre gemaak het, sodat julle daardeur in die donkertes op die land en die see begelei kan word. Ons het die tekens uitgebrei vir mense wat weet.

98. En Hy is die een wat julle uit een mens gemaak het, en aan julle 'n plek gegee het om te bewandel en te bewoon. Ons het die tekens uitgebrei vir mense wat verstaan99. Dit is Hy water afgestuur het uit die hemele, en daarmee saam, het Ons plante van alle soorte voortgebring. Daaruit weer het ons graan voortgebring, die een op die ander. En van die Palmbome, aan hulle spruite en takke kom voort die laag hangende trosse dadels. En ons produseer druiweboorde, garaantbome soortrgelyk en verskillend van mekaar. Kyk na die vrugte daarvan wanneer dit dra en wanneer dit ryp word. Waarlik in dit alles is daar tekens vir die gelowiges.

100. En hulle het die Jinn as vennote aan Allah toegeskryf, die Jin wat Allah self geskep het, en hulle het vir Allag seuns en dogters uitgedink, alles vervalsings, sonder dat hulle die kennis het. Allah is rein en vêr hoër as wat hulle beskryf.

101. Hy is die oorsprong van die hemele en die aarde. Hoe kan Allah 'n seun hê as Hy nooit eens 'n vrou gehad het nie? En Hy het alles geskape en Hy weet alles.

102. Dit is Allah: jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en daar is geen God nie behalwe Hy, die skepper van alles: so aanbid Hom. Hy is die beskermheer oor alles.

103. Geen beeld wat die mens in sy geestesoog sien kan Allah begryp of verstaan nie, terwyl Hy alle beelde van die geestesoog verstaan en begryp: Hy is alom die Liefderykste Sielekenner, die Albewuste.

104. Profeet, sê vir hulle: “Daar het insigte na jou gekom vanaf jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Nou, wie ook al sy oë gebruik en kyk, doen dit vir homself, en wie ook al kies om blind te bly doen so tot sy eie nadeel. Ek is nie hier om wag te staan oor julle nie.”

105. Dit is hoe Ons 'n verskeidenheid van verse voortbring sodat hulle kan sê: “Jy het onderrig ontvang” en sodat Ons dit kan verduidelik aan mense met kennis.

106. Volg na dit wat aan jou openbaar is deur jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer. Daar is geen God as Hy nie. Draai jou rug op diegene wat vennote met Allah assosieer.

107. Indien dit die Wil van Allah was, sou hulle nie iemand met Hom geassosieer het nie. Ons het jou nie gemaak om oor hulle die wag te hou nie, en hulle sake is nie aan jou toevertrou nie.

Die oordeel kom ons nie toe nie: dit behoort aan Allah

108. Gelowiges, moenie lelik praat van dit wat die ongelowiges in die plek van Allah aanbid nie, sodat hulle nie iets leliks van Allah sê en so sonder dat hulle van beter weet, oortree nie. Dit is hoe Ons die optrede van elke gemeenskap vir hulleself mooi en reg gemaak het. Hulle sal ook na hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer moet terugkeer waar Hy self vir hulle sal sê wat hulle verkeerd gedoen het.

109. En hulle het 'n eed gesweer met mooi woorde dat indien hulle 'n teken kry, hulle sekerlik in dit sal glo. S♪6 vir hulle: “Tekens en die beheer oor tekens is in die hande van Allah.” En wat sal jou laat besef dat al sou die tekens aan hulle gegee word, hulle steeds nie gaan glo nie...

110. ...want Ons het hulle harte en sig verwar, omdat hulle nie die eerste keer geglo het nie. Ons het hulle gelos om blindweg rond te dwaal in hul rebellie.

111. Al sou Ons die engele na hulle toe gestuur het, en al sou die dode met hulle gepraat het, en al sou Ons alles voor hul oë bymekaargemaak het, van aangesig tot aangesig, sou hulle steeds nie kon glo nie tensy dit die Wil van Allah was. Maar meeste van hulle kies onkunde.

112. Net so het Ons ook vyande vir elke Profeet gemaak, die satans van die mensdom en die jinn. Hulle openbaar aan mekaar mooi woorde om mekaar te mislei. Indien dit egter die Wil van Allah was sou hulle dit nie kon doen nie. So, los hulle maar met hul leuens...

113. ...sodat die harte van diegene wat nie in die Hiernamaals glo nie daarheen mag neig en sodat hulle sal doen wat hulle moet doen.

114. So, moet Ek dan nou iemand anders as Allah as regter kry, terwyl Hy die Boek met die besonderhede openbaar het? En diegene aan wie Ons die Boek openbaar het weet dat dit iets is wat deur jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer openbaar was met die waarheid. Moet dus nooit een van die wees wat enigsens aarsel en weifel nie.

115. Die Woord van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is perfek in waarheid en geregtigheid*. Daar is niemand wat Sy woorde kan verander nie, en Hy is Alhorend, Alwetend. (*K46:30)

116. As jy die op aarde agter die meerderheid gaan aanloop, gaan hulle net maak dat jy die weg van Allah verloor en nie meer binne die Wil van Allah lewe nie. Hulle volg niks anders nie as net grille en giere en hulle doen niks anders nie as net die maak van veronderstellings en gissings.

117. Waarlik, jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet goed wie afdwaal van Sy weg af, en nie meer binne Sy Wil lewe nie, en Hy weet die beste wie op die Regte Weg is, en binne Sy Wil lewe.

118. Eet van dit waaroor die Naam van Allah aangeroep is, indien julle in Sy verse glo.

119. Wat kan julle weerhou daarvan om te eet van dit waaroor die naam van Allah uitgeroep is, terwyl Hy reeds vir julle uitgespel het wat onwettig is vir julle om van te eet, behalwe vir dit wat julle verplig is om van te eet as gevolg van noodsaak? Daar is waarlik baie wat julle mislei deut hul begeertes sonder dat hulle kennis het. Waarlik julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer weet die beste wie die beperkinge oorskry.

120. Laat staan die sonde, die uiterlike en die innerlike sonde. Diegene wat sonde doen gaan sekerlik gestraf word vir dit wat hulle gedoen het.

121. Moenie dit eet waaroor die Naam van Allah nie uitgespreek is nie. Dit is 'n sonde. Die satans inspireer hul vriende om met julle te argumenteer. Indien julle hulle sou gehoorsaam, is julle van die wat vennote aan Allah toeskryf.

122. Kan dit wees dat die een wat dood was en vir wie ons lewe gegee en 'n lig gemaak het waarmee hy tussen die mense loop, beskou word as iemand wie se toestand sodanig is dat hy in algehele donkerte is, waaruit hy nooit sal kom nie? Dit is hoe mooi die dade van die ongelowiges vir hulleself lyk.

123. Op dieselfde manier het ons in elke dorp hoofsondaars gemaak sodat hulle daarin die verkeerde dinge kan doen. Hulle pleeg egter die sonde net teen hulleself, en hulle besef dit nie.

124. Wanneer 'n teken dan na hulle toe kom, dan sê hulle: “Ons sal nooit glo nie tensy Ons dieselfde gegee word as wat aan die boodskappers van Allah gegee was.” Maar Allah weet die beste waar om Sy boodskap te plaas. Diegene wat sonde gedoen het, sal binnekort die in skande gedompel wees voor Allah en erge straf ervaar vir die verkeerde dinge wat hulle aangerig het.

125. So, aan wie ook al Allah leiding wil gee, Allah open so 'n mens se hart vir Islam, en wie ook al Allah wil laat afdwaal, Allah maak dit vir so 'n mens se hart te moeilik om die waarheid te aanvaar en daarop te reageer: so moeilik soos wat dit sou wees om op te klim na die hemelruim.

126. Hierdie is die weg van julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, 'n reguit weg. Ons het die verse verduidelikend gemaak vir diegene wat advies aanvaar.

127. Vir hulle is daar die Woonplek van Vrede by hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en Hy is hul Beskermheer op grond van wat hulle voorheen gedoen het.

128. Dan op daardie dag wanneer Hy hulle almal sal bymekaarmaak sal Hy sê: “Julle satans onder die Jinns, het te veel teen die mensdom gedoen deur hulle te mislei.” En hulle vriende, die satans onder die mense sal sê: “Ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer, sommige van ons het voordeel getrek uit ander mense: ons het afgedwaal en ander beinvloed om ook af te dwaal, en ons het nou die einde van die tydperk wat U vir ons bepaal het, bereik.” Dan sal Hy antwoord: “Die Vuur is julle woning waar julle vir ewig sal bly, behalwe as Allah anders sou besluit. Waarlik, julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer

is Alwys, Alwetend." (K36:60)

129. Gevolglik het ons van die wat verkeerd doen saam gegroepeer op grond wat hulle dade: hulle was mekaar se ondersteuners op hierdie aarde en daarom hoort hulle saam tydens die Oordeelsdag.

130. "Jinn en mens, het die boodskappers vanuit julle geledere dan nie na julle toe gekom en My verse aan julle voorgehou en julle sodoende gewaarsku dat hierdie dag aan die kom is en dat julle My sal ontmoet, nie?" Dan sal hulle antwoorde: "Ons getuig teen onsself." Die lewe van hierdie wêreld het hulle mislei en hulle getuig teen hulleself dat hulle ongelowiges was.

131. Dit is omdat julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer nie enige dorp kan vernietig vir hul ongeregtighede en sondes , terwyl die boodskappers nog nie daar die verse van Allah aan hulle voorgehou het en hulle gewaarsku het nie.

132. En aan almal sal daar range toegeken word ooreenkomstig wat hulle gedoen het, want julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is nie onbewus van wat hulle doen nie.

133. Julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is Alomonafhanklik, die Meester van Genade. Indien Hy wil, sal Hy jou as boodskapper wegneem en vervang met wie Hy wil op dieselfde manier wat Hy jou opgebring het vanuit die afstammelinge van ander mense.

134. Dit wat jy belowe is, die goddelike straf, is vasgestel en moet gebeur, jy kan dit nie verydel nie.

135. Sê vir hulle: "O my volk in Mekka, julle het gekies om nie na my te luister nie, en dit is julle goeie reg, so doen waar julle is dit wat julle moet doen, dit wat julle glo reg is, en ek sal doen wat ek moet doen. So sal julle binnekort weet wie gaan uiteindelike suksesvol wees, selfs nog in hierdie wêreld. Waarlik die wat sonde doen sal nie suksesvol wees nie."

Die vorige verse beskryf die valse geloof van die ongelowiges in Arabiê. Die volgende verse beskryf nou hoe hulle hul praktiese gefouteer het en hul gebruike wat uit onkunde ontstaan het

136. En die ongelowiges in Arabië het 'n gedeelte aan Allah toegeken van wat Hy laat voortkom het van die saailande en die beeste, en gesê: "Hierdie is vir Allah." Verder het hulle aanspraak gemaak op 'n ander deel en gesê: "Hierdie deel is vir ons gode wat ons met Allah assosieer." Wat dan uiteindelik gebeur is dat dit wat hulle vir hul gode uitgesit het kom nooit by Allah uit nie, maar wat vir Allah bedoel was kom wel by hul afgode uit. Hulle oordeel is verdraaid en boos want hulle besef nie dat dit net maar Allah is aan wie alles in elk geval behoort nie, en hulle is nie eens instaat om dit wat hulle self vir Allah uitgesit het vir Hom te gee nie.

137. Dit is dus niks snaaks nie dat hul afgodediens dit ook vir baie van hulle aantreklik gemaak het om hul dogtertjies dood te maak, nie sodat hulle daardeur tot rampspoed gelei is en hul geloof nog meer verward geraak het. Maar dit was alles die wil van Allah, want indien Allah so wou, sou hulle dit nie gedoen het nie. Los hulle dus net so met wat hulle vir hulself gefabriseer het.

138. Verder sê hulle: "Hierdie beeste en produkte is verbode: niemand kan dit eet nie behalwe diegene wie ons wil hê." Verder het hulle daarop aanspraak gemaak dat: "daar beeste is wie se rue verbode is om op te ry of om iets op te laai." En daar is beeste oor wie hulle nie die naam van Allah uitroep nie, wat 'n fabrikasie teen Hom is. Ons sal hulle vergoed vir dit wat hulle gefabriseer het.

139. Verder sê hulle: "Die kalfies wat in die buike van hierdie beeste is, is uitsluitlik vir ons manne, en verbode vir ons vroue." maar as dit dood is dan mag almal daarin deel. Binnekort sal Allah hulle vergoed vir dit wat hulle aan Hom toeskryf. Waarlik, Hy is die Alwyse, die Alwetende.

140. Die verloorders is hulle wat dwaas genoeg is om hulle kinders dood te maak, en selfs weens 'n gebrek aan kennis dit wat Allah hulle van voorsien het as onwettig te verklaar: dit alles saamgeflanste fabrikasies van dinge wat Allah nooit beveel het nie.

141. Allah is die Een wat die tuine geskape het, sommige met priële and ander sonder priële, sommige met Dadelpalms en gesaaides met 'n verskeidenheid van wat eetbaar is, en die Olyf en die Granaat: 'n hele verskeidenheid. Eet van die vrugte wanneer dit dra, en gee liefdegawes(sadaqah) aan die armes wat hulle daarvan toekom* tydens die oes, maar gee net wat nodig is en moenie spandabelrig wees nie al is dit vir die werk van Allah: matigheid is hier ook 'n vereiste. (*K70:24)

142. En van die beeste wat Allah geskape het is sommige bedoel as pakdiere en trekdiere en ander as slagvee. Eet van dit waarvan Allah julle voorsien het, en moenie in die voetstappe van die Satan volg nie. Julle moet geen twyfel daaroor hê nie: die Satan is julle openlike vyand.

Die volgende verse dui aan hoedat die mens die Goddelike Wette omseil het met voorvader en innoverende gebruike as deel van hul godsdiens

143. Allah het agt pare geskape: twee paar skape en twee paar bokke. Vra vir hulle: "is dit die twee manlike diere of die twee vroulike diere wat Allah verbied het? Of is dit, dit wat die buike van die twee vroulike dire bevat? Sê vir my met kennis as jy reg is."

144. en twee pare kamele en twee pare koeie. Sê vir hulle: "Is die twee manlike diere of die twee vroulike diere wat Hy verbied het? Was jy teenwoordig toe Allah jou hieroor ingelig het?" So, wie kan meer van 'n sondaar wees as hy wat leuens oor Allah fabriseer teneinde mense wat nie die nodige kennis het nie, te mislei. Waarlik, Allah gee nie leiding aan 'n sondige volk nie.

145. Sê vir hulle: "Ek vind nie, in dit wat aan my geopenbaar is, enigiets wat verbode is vir enigiemand wat dit eet nie, behalwe as dit aas of bloed is wat uitgebloei het, of die vleis van varke is, want dit is onrein, of indien die naam van enigiemand anders as die Naam van Allah daaroor aangeroep is."

146. Vir die Jode het Ons ook dit wat kloue het verbode gemaak. En van die koeie en bokke, het ons die vet verbode gemaak, behalwe wat hul rue bevat of die binnegoed, of wat vas is aan 'n been. So het Ons hulle vergoed vir hulle oortredinge. Ons is waarlik getrou.

147. Dan, indien hulle jou belieg, sê vir hulle: "Julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van alomvattende genade, en Sy straf kan nie afgeweer word van die sondige volk nie."

148. Diegene wat vennote met Allah assosieer sal sê: "Indien dit die wil van Allah was sou nie ons of ons voorvaders vennote met Hom geassosieer het nie en ook niks verbode gemaak het nie." Diegene voor hulle het net so gelieg totdat hulle Ons straf ervaar het. Sê vir hulle: "Het julle enige kennis wat julle aan ons wil voorlê. Julle volg niks anders na nie as giere en doen niks anders nie as die maak van veronderstellings."

149. Sê vir hulle: "Dit is Allah wat die perfekte bewys het, Indien Hy wou, sou Hy julle almal op die Regte Weg gelei het."

150. Sê vir hulle: "Bring julle getuies wat sê dat Allah dit verbied het." Dan, wanneer hulle getuig, moenie saam met hulle getuig nie, en moenie die begeertes navolg van hulle wat Ons tekens belieg het en diegene wat nie in die Hiernamaals glo en ander aan hulle Skepper, Voorsiener en Onderhouer gelykstel nie.

151. Sê vir hulle: "Kom ek resiteer vir julle wat jul Skepper, Voorsiener en Onderhouer vir julle verbied het: "Moenie enigiets met Hom as vennote assosieer nie, wees goed vir julle ouers, en moenie julle kinders as gevolg van armoede doodmaak nie: Ons sal vir julle en ook vir hulle voorsien, moenie eens naby skandelike dade kom nie, of dit nou openlik of in die geheim is, en moenie 'n persoon aan wie Allah skuiling gee, doodmaak nie, behalwe as dit jou reg is." Hierdie is wat Allah vir julle beklemtoon het, sodat julle kan verstaan

152. verder moet julle die eiendom van die wesies uitlos, behalwe met die bes moontlike gedrag, totdat die wesie volwassenheid bereik. Wanneer julle iets afmeet of afweeg, doen dit akkuraat en in alle regverdigheid. Ons lê nie verpligtinge op enigiemand wat bokant sy vermoëns is nie, En wanneer jy praat of getuig, wees regverdig selfs al is dit 'n familielid, en vervul die verbond van Allah." Hierdie is die dinge wat Allah vir julle beklemtoon het, sodat julle die advies kan volg.

153. En sê ook vir hulle: "Hierdie is My weg, en dit is reguit. So, volg

dit na , en moenie die ander weë volg nie, sodat dit julle nie sal wegneem van Sy weg nie." Hierdie is wat Hy vir julle beklemtoon het, sodat julle Godvresend mag wees.

154. Toe het Ons vir Moses die Boek gegee, volledig vir die persoon wat goed doen, met alles in detail verduidelik, as leiding en genade, sodat hulle mag glo dat hulle hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer gaan ontmoet.

155. En hierdie is 'n geseënde Boek wat ons geopenbaar het. So volg dit na en hê 'n heilige ontsag en respek vir Allah, sodat julle met genade begunstig mag word, en

156. sodat julle nie sal kan sê dat: "Die Boek was slegs aan twee groepe voor ons geopenbaar en ons het nie geweet wat hulle bestudeer het nie."

157. Of dat julle sou sê: "As die Boek ook aan Ons geopenbaar was, sou ons meer gehoorsaam gewees het aan die Wil van Allah as hulle" Nou het daar 'n duidelike teken aan jullegekom vanaf julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer, 'n leiding en 'n genade. So, wie is dan nou 'n meer sondige mens as die een wat die verse van Allah belieg en sy rug daarop draai? Ons sal diegene vergeld wat hulle rug op Ons verse draai, met 'n geweldige straf, juis omdat hulle, hul rug daarop gedraai het.

158. Waarvoor wag hierdie ongelowiges in Mekka en Arabië voordat hulle sal glo? Hulle wag vir niks minder nie as dat die doodsengele hulle moet kom haal voordat hulle hul keuse maak, of vir die koms van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer met die Opstandingsdag om te besluit oor die bestemmings van mense of hulle wag vir nog 'n paar laaste tekens van die Oordeelsdag? Op daardie dag wanneer daar wel tekens van jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer af sal kom, sal die skielike glo van 'n persoon wat nooit voorheen geglo het of vir homself iets met goeie dade verdien het deur sy geloof nie, hom niks help nie. Mohammed, sê vir hulle: "Wag dan maar as julle wil, ons wag almal: die verskil is net ons wag vir ons Skepper, Voorsiener en Onderhouer."

159. Mohammed, jy het verseker niks te doen met diegene wat verdeling veroorsaak het in Islam, en daarmee partyskappe veroorsaak het, nie. Hulle saak berus by Allah alleen: dan sal Hy vir hulle vertel waarmee hulle besig was.

160. Wie ook al 'n goeie daad doen, sal tien keer soveel ontvang, en wie ook al 'n sondige daad doen, sal met niks anders as die gelyke daarvan vergeld word nie: en niemand sal benadeel word nie.

161. Sê vir hulle: "Wat my aanbetref, my Skepper, Voorsiener en Onderhouer het my op die reguit weg gelei om binne Sy Wil te lewe: Hy het my na die godsdiens gelei wat binne die Wil van Allah is, die godsdiens van Abraham, die opregte, wat nie een van die was wat vennote met Allah geassosieer het nie."

162. Sê vir hulle: "My gebed, my offerande, my lewe en my dood is vir Allah, die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van die wêrelde."

163. Vir Hom is daar nie 'n vennoot nie. En hierdie is my instruksies en bevele en ek is die eerste een om my te onderwerp.

164. Sê vir hulle: "Moet ek nou na 'n Skepper, Voorsiener en Onderhouer soek anders as Allah, terwyl Hy die Skepper, Voorsiener en Onderhouer van alles is? Niemand doen iets wat nie vir sy eie rekening is nie, en geen draer van 'n las sal die las van 'n ander dra nie, waarna almal na hul Skepper, Voorsiener en Onderhouer sal terugkeer. En dan sal Hy vir julle, jul geskille uitklaar."

165. En dit is Hy wat julle as Sy verteenwoordigers op die aarde aangestel het, wat sommige van julle in hoër posisies geplaas, en beter af gemaak het as ander, sodat Hy julle kan toets met dit wat Hy julle gegee het. Waarlik julle Skepper, Voorsiener en Onderhouer is vinnig om te straf en waarlik Hy is Meesvergewend, Baiegenadig.

Wat 'n lieflike vrymakende gedagte is dit nie

waarmee Allah hierdie hoofstuk afsluit: in een asem kan ek Allah hoor sê hoe graag Hy ons wil vergewe as ons maar net in geloof die straf vryspring deur met berou en belydenis na Hom toe te kom:

O my Allah, hoor my gebed, ek die swakste van al U diensknegte, die een wat die stadigste verstaan en die een wat die moeilikste leer, nie omdat ek so dom is nie, maar so moedswillig, so hardkoppig, so mens:

Ek Glo!,

ja my Allah, in my swakheid kan ek net dit maar met sekerheid vir U gee:

Ek glo!